Precept™

Voorskrif op Voorskrif

AFR20HL

# Jeremia

**Deel 02 van 02 // WANNEER GOD SE OORDEEL UITEINDELIK AANBREEK**

Verkry 'n innige kennis van God. Verander jou lewe.

Groete van Precept

Ons is so bly dat jy gekies het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help om waardig jou roeping in Jesus Christus te wandel. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van al die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil jou storie hoor van hoe God jou aangeraak het as gevolg van induktiewe studie van sy Woord

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op *Facebook* by *Precept Africa*.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en ***"Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui"*** (2 Timoteus 2:15, *Die Bybel 2020-Afrikaanse Vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

Voorskrif op Voorskrif®

# *Jeremia*

DEEL 2

## WANNEER GOD SE OORDEEL UITEINDELIK AANBREEK

This is a special Precept edition.
This work is a translation from the original Precept Upon Precept study,

JEREMIAH PART 2

WHEN GOD'S JUDGMENT FINALLY COMES
© 2009, 2013 Precept Ministries International.

# VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

Hierdie is 'n spesiale Precept-uitgawe, oorspronklik in Engels gepubliseer.

## JEREMIA DEEL 2

### WANNEER GOD SE OORDEEL UITEINDELIK AANBREEK

1ste uitgawe © 2023 Precept South Africa

Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International: The Inductive Bible Study People,
die Plumb Bob-ontwerp, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf,
Precepts For Life, Precepts From God's Word en Transform Student Ministries
is handelsmerke van Precept Ministries International.

ALLE REGTE VOORBEHOU
Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige
vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit
in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.
Gebruik met toestemming.

Tensy anders vermeld, is alle Bybelaanhalings uit Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling:
Hoofletteruitgawe (AFR20HL).
Gebruik met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

PRECEPT SOUTH AFRICA
Ringwoodrylaan 187 | Pinelands | 7405 | Suid-Afrika
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (0)21 531-1836

Gedruk in Suid-Afrika
November 2023

Precept™
SOUTH AFRICA

# INHOUD


| BLADSY | LES |
|---|---|
| 1 | LES EEN: Jeremia 25-26 |
| 17 | LES TWEE: Jeremia 27-29 |
| 27 | LES DRIE: Jeremia 30-31 |
| 39 | LES VIER: Jeremia 32-34 |
| 47 | LES VYF: Jeremia 35-39 |
| 49 | LES SES: Jeremia 40-44 |
| 51 | LES SEWE: Jeremia 45-49 |
| 59 | LES AGT: Jeremia 50-52 |
| | BYLAAG |
| 67 | Jeremia-waarnemingswerkblad |
| 196 | Jeremia-oorsigwerkblaaie |
| 199 | Kaart van Israel |
| 201 | Kaart van nasies wat Israel omring |
| 203 | Die heersers en profete in Jeremia se tyd |
| 204 | Jeremia, 'n man deur God geroep |
| 206 | Hoe om 'n hoofstukstudie te doen |
| 208 | Oor Precept |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE
The New How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2010*

The New Inductive Study Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000*

Hebreeuse woordstudiehulpmiddels
*(Die volgende is 'n lys van handige Hebreeuse woordstudiehulpmiddels)*

## AANBEVOLE KOMMENTARE

GAEBELEIN, FRANK E.
The Expositor's Bible Commentary, Volume 6
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishers, 1990*

SMITH, JAMES E.
Old Testament Survey Series, The Books of History
*Joplin, Missouri: College Press Publishing Company, 1995*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

Logos Bybelsagteware
Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse woordeboeke ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding – ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept South Africa*
*Ringwoodrylaan 187,*
*Pinelands, 7405, Suid-Afrika*



# LES EEN
# Hoofstuk vyf en twintig en ses en twintig

HIERDIE LES SLUIT IN:

In die bylaag:
- Waarnemingswerkblaaie van Jeremia 1, 25-26
- Die heersers en profete in die tyd van Jeremia
- Jeremia-oorsigwerkblad
- Kaart van Israel
- Jeremia, 'n man deur God geroep
- Kaart van nasies wat Israel omring

Woordstudies
Kruisverwysings

**"… want Ek gaan 'n swaard oproep teen al die inwoners van die aarde, …"**

**"Krygsgeskreeu galm tot aan die einde van die aarde, want die HERE kla die nasies aan."**
**– Jeremia 25:29b, 31**

**Hierdie is ontnugterende woorde, of hoe? Vreesaanjaend. Aan wie is hierdie woorde gesê? Het dit alreeds gebeur of moet dit nog in die toekoms gebeur? Sal dit my en my geliefdes beïnvloed? Wat staan ons te doen?**

**Studeer, Geliefde. Bestudeer sy Woord deeglik. Wy die nodige respek en tyd daaraan, want dit is die God van die hemel wat praat. Ken Hom intiem. Onthou. hierdie is sy voorskrifte vir die lewe, en deur sy voorskrifte ontwikkel jou begrip, sodat jy elke dwaalweg kan haat.**

## DAG EEN

Dit is 'n goeie idee om voor die aanvang van jou studie met die Skrywer oor sy Boek te gesels – om te hoor wat jy daaroor moet weet en hoe jy daarvolgens moet lewe. Gebed is altyd die beste manier om 'n Bybelstudie te begin.

1. Ter aanvang van ons studie, moet ons vinnig hersiening doen. Ons wil seker maak dat dié van julle wat in hierdie stadium by ons aansluit, 'n begrip van hierdie boek se agtergrond sal hê. Ons het ons studie van Jeremia in twee dele verdeel omdat die boek so lank is.

© 2023 Precept South Africa

Die eerste deel handel oor hoofstuk 1–24. Hierdie tweede deel handel oor Jeremia 25–52.

Om die konteks te skets vir diegene wat by ons aangesluit het vir Jeremia Deel 2, en om diegene wat Jeremia Deel 1 bestudeer het se geheue te verfris, moet almal Jeremia 1 lees en die volgende vrae beantwoord:

a. Wanneer het Jeremia die boodskap ontvang?

b. As wat is Jeremia aangestel?

c. Wat het Jeremia gesien en hoe word dit verduidelik?

d. Waarom gaan God Juda en Jerusalem veroordeel?

e. Hoe het hulle reageer toe Jeremia gepraat het, en wat was God se belofte aan Jeremia toe dit gebeur het?


© 2023 Precept South Africa

2. Vergelyk Jeremia 1:1-3 met die tydlyngrafiek in die bylaag Die heersers en profete in die tyd van Jeremia. Raak vertroud met hierdie tydlyn aangesien, jy dit reg deur die kursus gaan gebruik.

3. Jeremia hoofstuk 1–23 beskryf die komende oordeel van God – oordeel uit die noorde. Die hooffokus is op Juda, en nie op die nasies nie, alhoewel ons uit Jeremia 1 weet dat Jeremia deur God aangestel is as 'n profeet vir die nasies. In die bylaag sal jy 'n Jeremia-oorsigwerkblad vind. Ons het die eerste vier en twintig hoofstukke se temas ingevul vir diegene wat nie Jeremia Deel 1 bestudeer het nie. 'n Oorsigwerkblad is besonder nuttig om dit wat jy leer op te som wanneer jy 'n boek van die Bybel bestudeer.

   Kyk na die temas van Jeremia 1–24 wat vir jou 'n oorsig van die hoofstukke gee. Dink na oor wat jy uit hierdie temas leer aangaande:

   a. Die toestand van Juda

   b. Wat God oor hulle sê

   c. Wat met hulle gaan gebeur

   d. Jeremia, God se profeet

4. Nog een opdrag vir vandag om ons verder in konteks te plaas. Kom ons kyk na twee mandjies vye! Jeremia 24 bestaan uit net tien kort verse. Lees hulle en maak 'n lys hieronder van dit wat jy oor goeie vye en slegte vye leer.

| GOEIE VYE | SLEGTE VYE |
|---|---|
| | |

© 2023 Precept South Africa 

| GOEIE VYE | SLEGTE VYE |
|---|---|
| | |

5. Wat is die tydsberekening van Jeremia 24? Kyk na vers 1 en vergelyk die besonderhede met 2 Konings 24:8-17. Raadpleeg dan Die heersers en profete in die tyd van Jeremia om die koning van Juda se ander name te sien. Merk die tydsberekening van Jeremia 24:1 op hierdie tydlyn.
   a. Wanneer het Jeremia 24 plaasgevind?
   b. Hoeveel mense het na Babilonië gegaan? (Rond die getal af.)
   c. Was hierdie goeie vye of slegte vye?
   d. Waarheen gaan sommige van die slegte vye (Jeremia 24:8)?

*Ons het goed begin! God het soveel om ons deur Jeremia oor ons eie lewe te leer. Romeine 15:4 sê: "Alles wat vroeër opgeteken is, is tog vir ons tot lering opgeteken, sodat ons hoop kan hê deur die volharding en die bemoediging wat ons uit die Skrif ontvang."*

 © 2023 Precept South Africa

## DAG TWEE

Jeremia 25 is 'n ontnugterende hoofstuk – jy weet dit op grond van die twee verse wat ons aan die begin van hierdie les aangehaal het – maar dit het ook 'n belangrike en bemoedigende boodskap vir Juda wat jy nie moet misloop nie. Hierdie hoofstuk bevat 'n paar harde waarhede wat strek tot ... jy sal self uitvind hoe ver.

1. Neem Jeremia 25 waar.

   a. Terwyl jy die teks waarneem, merk die volgende sleutelwoorde op jou Waarnemingswerkblaaie met 'n kenmerkende manier of kleur. Dit is raadsaam om 'n Sleutelwoordbladwyser vir hierdie gedeelte van Jeremia te maak. Jy kan ook die een wat jy vir Jeremia Deel 1 gemaak het, gebruik.

   'n **Sleutelwoordbladwyser** is 'n kaartjie waarop jy 'n lys sleutelwoorde maak en hulle kleurkodeer soos jy wil. Jy kan die agterblad van jou Precept-boek gebruik. Voor op die kaartjie is voorstelle oor hoe om hoëfrekwensiewoorde in die Bybel te merk.

   In die volgende lys word woorde met merkvoorstelle op die kaartjie se voorkant met 'n asterisk [*] gemerk.

   1) *Jeremia*. Kleur elke verwysing met 'n kenmerkende kleur in.
   2) *Jojakim*. Namate jy deur die kursus werk, sal jy die ander konings van Juda ook merk. Dit sal jou help om die hoofstukke in hul historiese konteks te plaas. Jy kan 'n blou blokkie rondom elkeen trek en dan elke blokkie met 'n kenmerkende kleur inkleur. (As jy alreeds Jeremia Deel 1 bestudeer het, het jy reeds hierdie konings gemerk.)
   3) *die woord* (*my woorde, die woord van die HERE, hierdie boekrol, so sê die Here*). Party van ons verkies om verwysings na God se uitsprake te merk, omdat dit ons help om te volg wat gesê word.
   4) *geluister*, **hoor.* Trek 'n streep daardeur vir *luister nie.*
   5) *het nie geluister nie.* Merk dit met 'n **O** vir *ongehoorsaam* en trek 'n streep daardeur.
   6) *kwaad* of *tart* (*getart*)
   7) *nasies*, wanneer dit na enige nasies buiten Israel verwys.
   8) *sondeskuld*
   9) *puinhoop* en *woesteny*
   10) *Babilonië*. Dit is goed om dit op 'n herkenbare wyse te merk en dit reg deur jou Bybel te gebruik.

© 2023 Precept South Africa

11) alle geografiese verwysings*

12) verwysings na die land wat God aan Israel* gegee het

13) verwysings na tyd* Gee noukeurig aandag hieraan, want dit sal sorg dat die historiese konteks korrek is.

14) *onheil, rampe*

15) *swaard*. Jy kan 'n rooi skuinsstreep gebruik.

16) *herders, maghebbers* – hulle heersers. Moenie die voornaamwoorde miskyk nie.

b. Merk slegs in hierdie hoofstuk verwysings na *al die inwoners van die aarde*, insluitend enigiets wat betrekking het op al die nasies, alle vlees, die hele aarde, asook voornaamwoorde wat na hulle verwys.

c. Jy mag dit nuttig vind om die hoofstuk verskeie kere te lees en elke keer 'n paar woorde te merk.

2. Lees weer jou Waarnemingswerkblad. Terwyl jy dit doen, skryf die hoofgedagte van elke gedeelte in die kantlyn of hieronder neer.

   a. 25:1-7

   b. 25:8-11

   c. 25:12-14 (Let op die voornaamwoorde in hierdie verse sodat jy weet oor wie God praat.)

   d. 25:15-26


© 2023 Precept South Africa

e. 25:27-29

f. 25:30-31

g. 25:32-33

h. 25:34-38

3. Hoe sou jy nou die inhoud van Jeremia 25 as 'n tema opsom? Skryf dit op jou Jeremia-oorsigwerkblad in die bylaag neer.

4. In die bylaag sal jy 'n bladsy vind, Jeremia, 'n man deur God geroep, met plek vir 'n biografie van Jeremia. Maak 'n lys van jou insigte oor Jeremia 25 daarop. Vul dit aan namate ons deur die boek werk.

5. Teken ook die tydsberekening van hierdie hoofstuk op Die heersers en profete in die tyd van Jeremia aan. Jy kan 'n pyl gebruik. Maak seker dat jy dit "Jeremia 25" merk. Gedurende die kursus gaan jy heeltyd hierdie tydlyn gebruik om aan te dui wanneer elke boodskap oorgedra word.

*Jy het goed begin, nie waar nie? Dink daaroor na; môre sal ons dit deegliker verken.*

## DAG DRIE

1. Om seker te maak dat jy vertroud is met Jojakim, kom ons plaas hom in die historiese konteks van die laaste konings van Juda. Lees 2 Konings 23:31-24:7. Maak 'n lys met die belangrikste feite oor hierdie man hieronder. Terwyl jy lees, sal dit nuttig wees om deurgaans na Die heersers en profete in die tyd van Jeremia te verwys.

© 2023 Precept South Africa

2. Wat is beduidend aan die eerste veertien verse van Jeremia 25? Wat is die groot nuus? Openbaring?

   a. Wat gaan God aan die mense van Juda doen – aan die land?

   b. Vir hoe lank? (God het nog nie voorheen vir hulle gesê nie!)

   c. Wanneer sê Hy vir hulle hoe lank hulle in ballingskap sal wees? En wie sal hulle in ballingskap wegvoer?

   d. Hoe lank was Jeremia God se profeet vir Juda? Wat het hy gedurende daardie tyd gedoen?

   e. Wie gaan volgens Jeremia 24 in ballingskap geneem word – die goeie vye of die slegte vye?

   f. Wou God hê dat hulle in ballingskap geneem moet word? Wat het bied Hy vir hulle aan?

   g. Hoekom het hulle gegaan?


© 2023 Precept South Africa

3. Wat gaan ná die 70 jaar met Babilonië en die land van die Galdeërs gebeur, en waarom? Wie het dit gesê?

4. Lees Jeremia 25:15-38 op jou waarnemingswerkblad. Kyk na die temas van hierdie skrifgedeeltes en die verskillende nasies wat genoem word. Lees dan Jeremia 1:4-10. Wat sien jy in hierdie gedeelte van Jeremia 25 afspeel?

5. Kyk nou of jy kan vasstel waar die verskillende nasies wat in Jeremia 25 genoem word op die kaarte in die bylaag geleë is.

6. Kom ons kyk na Jeremia 25:26-27.

   a. Watter nasies word by vers 26-27 ingesluit?

   b. Wat gaan hulle drink? Kyk na vers 15-17.

   c. Wanneer gaan die koning van Sjesjag dit drink?

   d. Lees Jeremia 51:37-41 om jou te help begryp wie "Sjesjag" moontlik kan wees.

© 2023 Precept South Africa

7. Maak 'n lys van dit wat jy waarneem uit die merk van verwysings na die nasies en die inwoners van die aarde. Verwys dit na die verlede of die toekoms?

8. Dit is interessant om Jeremia 25:30-33 met Openbaring 14:14-20 te vergelyk. Slaan gerus hierdie verse in Openbaring na. Waarom dink jy verwys ons daarna?

9. Lees Jeremia 25:34-38. Stel vas wat jy leer deur herders (heersers) te merk. Hoe aanspreeklik is regeerders van mense aan God?

10. Wat is die hoofgedagte wat jy uit hierdie hoofstuk l oor God eer?

11. Geliefde van God, hoe gaan jy lewe in die lig van dit wat jy die afgelope drie dae geleer het? Wat is jou plig, jou verpligting teenoor hierdie waarhede as jy na God gaan luister? Wat is jou hartewens, jou gebed, jou voorneme of verbintenis?

12. Kyk gerus wat jou kommentare oor Jeremia 25 sê – maar moet asseblief nie die vreugde bederf om self die kennis en die waarheid te ontdek nie. Moenie verder as Jeremia 25 gaan nie.


© 2023 Precept South Africa

## DAG VIER

1. Doen jou waarneming van Jeremia 26. Let op die "wanneer" van hierdie hoofstuk; onthou dat Jeremia se uitleg nie kronologies is nie. Merk die sleutelwoorde op jou bladwyser en voeg die volgende by:
   a. verwysings na die *huis van die HERE* (Salomo se pragtige, groot tempel*)
   b. *omdraai* of enige soortgelyke woord of frase wat berou aandui. Dit is die kern van Jeremia – dit is God se hart!
   c. *sterf, dood** (*doodsvonnis**, *doodmaak**, en *doodgemaak**)
   d. *profete, profesie, geprofeteer, profeeer*. Aangesien 'n profeet veronderstel is om 'n boodskapper van God te wees, merk party mense dit met 'n megafoon.

2. Teken die tema van Jeremia 26 op die **Jeremia-oorsigwerkblad** aan. Teken dan die tydsberekening van die hoofstuk op **Die heersers en profete in die tyd van Jeremia** aan.

3. Lees Jeremia 26 nog 'n slag. Skryf hierdie keer die hooftema onderwerp van die volgende gedeeltes in die kantlyn neer:
   a. 26:1-6
   b. 26:7-9
   c. 26:10-15
   d. 26:16-19
   e. 26:20-24

4. Voeg jou insigte uit hoofstuk 26 op **Jeremia, 'n man deur God geroep** by.

## DAG VYF

1. Jeremia het die huis van die HERE een keer tevore vergelyk met Silo. Silo is die plek waar die tabernakel opgeslaan was nadat die kinders van Israel die Jordaan oorgesteek en die land ingeneem het. 1 Samuel begin in Silo waar, as gevolg van Israel se sonde, die eer van die Here weggevoer word: "Ikabod", volgens 1 Samuel 4:12-22.
   a. Lees Jeremia 7. Sien jy enige ooreenkoms tussen Jeremia 7 en Jeremia 26? Indien wel, wat?

© 2023 Precept South Africa

b. Wat is die fokus, klem in Jeremia 7?

c. Wat is die fokus, klem in Jeremia 26?

d. Kan dit dalk dieselfde voorval wees wat weer aangeteken is? Waarom?

2. Lees Jeremia 26:3.

   a. Doen woordstudies oor “omdraai” en “berou”.

   b. Op grond van wat jy waargeneem het in jou woordstudies in ag, wat leer jy uit vers 3 oor die Here en oor die mense?


© 2023 Precept South Africa

c. Vergelyk dit nou met Jeremia 26:12-13 en 18-19 en skryf neer wat jy uit hierdie skrifgedeeltes leer. "Berou kan hê" in vers 13 en "berou gehad" in vers 19 is dieselfde Hebreeuse woord as "berou hê" in vers 3.

d. Is daar enige toepassing hier? Enigiets wat jy kan gebruik om mense te bedien wat in sonde, rebellie en ongehoorsaamheid leef? Wat is dit?

e. Vra God om jou te lei na iemand met wie jy dit kan deel.

3. Kyk na al die kere wat jy *sterf, dood* en verwante woorde in hierdie hoofstuk gemerk het. Vergelyk dit met Jeremia 1:16-19. Wat leer jy daaruit?

© 2023 Precept South Africa 

4. Twee profete word in Jeremia 26:17-24 aangehaal. Maak 'n lys van wat jy oor elkeen leer:

| MIGA | URIA |
|---|---|
| | |

5. Is daar enige insigte wat jy by hierdie twee mans kan leer wat jy op jou eie lewe kan toepas of met ander kan deel?

*Miga se bediening en boodskap word in die boek Miga aangeteken, wat sommige van julle bestudeer het. Maak dit jou nie opgewonde om te sien hoe God waarheid verweef nie? Hoe Hy lewens in mekaar skakel? En nog nooit het 'n profeet heeltemal alleen gestaan nie. Onthou jy toe God vir Elia gesê het dat daar 7 000 was wat nie voor Baäl gebuig het nie?*

*Net soos Ou-Testamentiese profete nie alleen gestaan het nie, staan gelowiges vandag ook nie alleen nie. Wanneer jy dus opstaan om vir God te getuig, weet dat daar ander getroue mans en vroue is wat bereid is om dieselfde te doen. En dit is waarom dit kritiek is dat ons vir broers en susters reg oor die wêreld bid wat in die voorste linies dien waar hul lewens in groot gevaar is.*


© 2023 Precept South Africa

6. Waarom het Agikam, seun van Safan, saam met Jeremia teen die priesters en profete gestaan wat hom wou laat doodmaak? Lees 2 Konings 22:8-20.

7. Watter waarde heg jy aan die Woord van die Here? Glo jy dat God sal doen wat Hy sê?

8. Raadpleeg gerus jou kommentare. Jy is gereed – jy het jou huiswerk gedoen.

*O, hoe smag die tyd waarin ons leef na mans en vrouens wat vir God sal getuig sonder om die mens te vrees. Sal jy soos Jesaja sê: "Hier is ek. Stuur my!"?*

# BYLAAG

# JEREMIA 1

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ______________________________________________

Die woorde van Jeremia, seun van Hilkia, uit die priestergeslag in Anatot, in die
gebied van Benjamin.
2 Die woord van die HERE het tot hom gekom in die dae van Josia, seun van
Amon, die koning van Juda, in die dertiende jaar van sy regering,
3 en ook in die dae van Jojakim, seun van Josia, die koning van Juda, tot aan
die einde van die elfde regeringsjaar van koning Sedekia, seun van Josia, die
koning van Juda, tot met die wegvoering van Jerusalem in die vyfde maand.
**4** Die woord van die HERE het tot my gekom:
5 "Nog voordat Ek jou gevorm het
in die baarmoeder,
het Ek jou geken;
nog voordat jy uitgegaan het
uit die moederskoot,
het Ek jou geheilig.
As profeet vir die nasies
het Ek jou bestem."
6 Daarop het ek gesê: "Ag, my Heer, die HERE, kyk, ek weet nie hoe om te
praat nie, want ek is nog 'n kind."
7 Maar die HERE het vir my gesê: "Moenie sê, 'Ek is nog 'n kind' nie, want na
wie ook al Ek jou stuur, moet jy gaan, en wat ook al Ek jou beveel, moet jy sê.
8 Jy moet nie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou om jou te red," is die
uitspraak van die HERE.
9 Die HERE het toe sy hand uitgesteek en my mond aangeraak. Die HERE het
vir my gesê: "Kyk, Ek lê my woorde in jou mond.

© 2023 Precept South Africa

10 "Let op, Ek stel jou vandag aan oor nasies en koninkryke om uit te ruk en af
te breek, om ten gronde te laat gaan en plat te slaan, om te bou en te plant."
**11** Die woord van die Here het tot my gekom: "Wat sien jy, Jeremia?" Ek het
geantwoord: "Ek sien die tak van 'n amandelboom."
12 Toe sê die Here vir my: "Jy het goed gekyk, want Ek is bedag daarop om
my woord uit te voer."
**13** Die woord van die Here het 'n tweede keer tot my gekom: "Wat sien jy?"
En ek het geantwoord: "Ek sien 'n stomende pot – sy inhoud kook van die
noordekant af oor."
14 Toe sê die Here vir my: "Uit die noorde sal die onheil losbreek oor al die
inwoners van die land.
15 Want kyk, Ek gaan al die familiegroepe van die koninkryke in die noorde
oproep," is die uitspraak van die Here, "en hulle sal kom en hulle sal
elkeen sy troon neersit by die ingang van Jerusalem se poorte, en by al haar
stadsmure reg rondom, en by al die dorpe van Juda.
16 Ek sal my oordele oor hulle uitspreek weens al hulle boosheid – omdat hulle
My verlaat het, vir ander gode offers verbrand het en voor hulle handewerk
in aanbidding gebuig het.
17 Maar jy, jy moet jou heupe omgord, gereedmaak en vir hulle alles gaan sê
wat Ek jou beveel. Moenie vir hulle bang wees nie, anders gee Ek jou 'n
rede om vir hulle bang te wees.
18 En Ek, kyk, Ek maak jou vandag 'n versterkte stad, 'n ysterpilaar en 'n
koperstadsmuur teen die hele land – die konings van Juda, Jerusalem se hoë
amptenare, haar priesters en die volk van die land.
19 Hulle sal teen jou veg, maar sal nie die oorhand oor jou kry nie. Want Ek is
by jou," is die uitspraak van die Here, "om jou te red!"


© 2023 Precept South Africa

# JEREMIA 25

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ______________________________________________

Dit is die woord wat tot Jeremia gekom het oor die hele volk van Juda, in die vierde
regeringsjaar van Jojakim, seun van Josia, koning van Juda. Dit was in die
eerste regeringsjaar van Nebukadresar, koning van Babilonië,
2 dat die profeet Jeremia met die hele volk van Juda en al die inwoners van
Jerusalem gepraat het:
3 "Vanaf die dertiende regeringsjaar van Josia, seun van Amon, koning van
Juda, tot op hierdie dag, drie-en-twintig jaar lank, het die woord van die
HERE tot my gekom. Ek het aanhoudend met julle gepraat, maar julle het nie
geluister nie.
4 Die HERE het al sy dienaars, die profete, aanhoudend na julle gestuur, maar
julle het nie geluister nie. Julle het nie julle ore oopgemaak om te luister nie.
5 Die boodskap was, 'Draai tog om, elkeen weg van sy verkeerde pad, weg van
julle bose dade, sodat julle kan bly woon op die grond wat die HERE van
altyd af en vir altyd aan julle en julle voorouers gegee het.
6 Moenie agter ander gode aanloop om hulle te dien en voor hulle in
aanbidding te buig nie! Moet My nie tart met julle handewerk nie, sodat Ek
julle nie kwaad aandoen nie.
7 Maar julle het nie na My geluister nie,' is die uitspraak van die HERE, 'sodat
julle My getart het met julle handewerk, tot julle eie nadeel.'
**8** Daarom, so sê die Here, Heerser oor alle magte, 'Omdat julle nie na my
woorde geluister het nie –
9 kyk, Ek gaan al die familiegroepe van die noorde ontbied,' is die uitspraak
van die HERE, 'ook Nebukadresar, koning van Babilonië, my dienskneg, en
Ek sal hulle bring na hierdie land en sy inwoners, en na al die omliggende
nasies. Ek sal hulle met die banvloek tref, en hulle 'n skrikbeeld maak, die
rede vir 'n gefluit, en puinhope vir altyd.

© 2023 Precept South Africa

10 Ek sal by hulle die klank van vrolikheid en vreugde laat verdwyn, die stem
van die bruidegom en die stem van die bruid, die geskuur van maalklippe
en die lig van lampe.
11 Hierdie hele land sal ’n puinhoop, ’n woesteny word; en hierdie nasies sal
die koning van Babilonië sewentig jaar lank dien.
**12** “ ‘Maar as die sewentig jaar verby is,’ is die uitspraak van die HERE, ‘sal
Ek oor hulle sondeskuld rekenskap eis van die koning van Babilonië en
van daardie nasie, en van die land van die Galdeërs. Ek sal dit vir altyd
woestenye maak.
13 Ek sal oor hierdie land al my woorde wat Ek daaroor uitgespreek het, in
vervulling laat gaan.’ ”
Dit verwys na alles wat geskryf staan in hierdie boekrol, en wat Jeremia
geprofeteer het oor al die nasies.
14 “ ‘Ja, ook die Galdeërs sal slawe wees van baie nasies en groot konings. Ek
sal hulle vergeld ooreenkomstig hulle dade en hulle handewerk.’
**15** Ja, so het die HERE, die God van Israel, vir my gesê, ‘Neem hierdie beker
met die wyn van woede uit my hand en laat al die nasies na wie Ek jou sal
stuur, daaruit drink.
16 Hulle sal drink en slinger en waansinnig raak, vanweë die swaard wat Ek
onder hulle gaan instuur.’ ”
**17** Ek het toe die beker uit die hand van die HERE geneem, en al die nasies na
wie die Here my gestuur het, laat drink:
18 Jerusalem en die stede van Juda, haar konings en hoë amptenare – om
daarvan ’n puinhoop, ’n skrikbeeld, die rede vir ’n gefluit en ’n vervloeking
te maak, soos dit vandag is;
19 die farao, koning van Egipte, sy dienaars, sy hoë amptenare, sy hele volk
20 en die hele gemengde bevolking;
al die konings van die land Us;
al die konings van die land van die Filistyne – Askelon, Gasa en Ekron, en
dié wat oorgebly het in Asdod;


© 2023 Precept South Africa

21 Edom, Moab en die Ammoniete;
22 al die konings van Tirus;
al die konings van Sidon;
die konings van die kuslande oorkant die see;
23 Dedan, Tema en Bus – almal wat die slape skoonskeer,
24 al die konings van Arabië;
al die konings van die gemengde bevolking wat in die woestyn woon;
25 al die konings van Simri;
al die konings van Elam
en al die konings van Medië;
26 al die konings van die noorde, dié wat naby en dié wat ver van mekaar af is.
Ja, dit geld vir al die koninkryke van die wêreld oor die hele oppervlakte
van die aarde. Die koning van Sjesjag sal ná hulle drink.
**27** "Jy moet vir hulle sê, 'So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van
Israel: "Drink, word dronk, bring op, val neer sodat julle nie weer opstaan
nie, vanweë die swaard wat Ek onder julle instuur." '
28 Maar as hulle weier om die beker uit jou hand te neem en te drink, moet jy
vir hulle sê, 'So sê die HERE, Heerser oor alle magte: "Julle móét drink!
29 Want kyk, in die stad waaroor my Naam uitgeroep is, begin Ek met die
onheil – sal julle dan enigsins vryspring? Julle sal nie vryspring nie, want
Ek gaan 'n swaard oproep teen al die inwoners van die aarde," ' " is die
uitspraak van die Here, Heerser oor alle magte.
**30** "En jy, jy moet al hierdie woorde teen hulle profeteer. Jy moet vir hulle sê,
'Die HERE, uit die hoogte
sal Hy brul,
uit sy heilige woning
sal Hy sy stem laat hoor.
Hy brul geweldig teen sy blyplek.
'n Kreet soos van druiwetrappers
hef Hy aan teen al die bewoners
van die aarde.

© 2023 Precept South Africa

31 Krygsgeskreeu galm
tot aan die einde van die aarde,
want die HERE kla die nasies aan,
die vonnis geld alle mense;
goddeloses gee Hy oor aan die swaard,' "
is die uitspraak van die HERE.
**32** " 'So sê die HERE,
Heerser oor alle magte:
"Kyk, rampe tref nasie ná nasie;
'n groot storm steek op
aan die uithoeke van die aarde." ' "
33 En dié wat deur die Here verslaan is, sal op daardie dag van die een einde
van die aarde tot by die ander einde van die aarde lê. Oor hulle sal nie gerou
word nie, en hulle sal nie bymekaargemaak of begrawe word nie. Hulle sal
mis word op die grond.
34 " ' "Huil, herders, en roep om hulp!
Rol in die as, maghebbers oor die kleinvee!
Want vir julle het die dae
aangebreek om geslag te word.
Ek sal julle stukkend slaan,
en julle sal val soos 'n kosbare houer." ' "
35 'n Toevlugsoord
sal vir die herders verlore wees,
ook 'n uitkomkans
vir die maghebbers oor die kleinvee.
36 Hoor die geroep om hulp van die herders,
die gehuil van die maghebbers oor die kleinvee,
want die HERE verwoes hulle weivelde.


© 2023 Precept South Africa

37 Die vreedsame weivelde word vernietig
vanweë die brandende toorn van die HERE.
38 Soos ’n jong leeu het Hy
sy lêplek verlaat;
want hulle land het ’n woesteny geword
vanweë die gewelddadige swaard,
ja, vanweë sy brandende toorn.

© 2023 Precept South Africa

## JEREMIA-OORSIGWERKBLAD

Skrywer:

Datum:

Doel:

Sleutelwoorde:

| Segmentverdelings | | Hoofstuktemas |
|---|---|---|
| | | 1 Roeping van Jeremia as profeet vir die nasies en vir Juda |
| | | 2 Juda se ontrou teenoor die Here |
| | | 3 Keer terug, afvallige Israel en verraderlike Juda! |
| | | 4 Besny julle harte of word vernietig |
| | | 5 Weier om om te draai – Sal Ek My nie wreek nie? |
| | | 6 Juda het nie ag geslaan op God of sy wet nie / Hy het hulle verwerp |
| | | 7 Moenie op die tempel of bedrieglike woorde vertrou nie / Moorddal |
| | | 8 Bose oorblyfsel slegter daaraan toe as die dood |
| | | 9 Gehuil – God sal hulle bedrog straf |
| | | 10 Afgode is bedrog, gaan tot niet / Die Here is die ware, lewende God |
| | | 11 Verbreekte verbond, teenspoed / Sameswering teen Jeremia |
| | | 12 Jeremia bid teen die goddeloses / God se treurlied oor Juda |
| | | 13 Nuttelose lendedoek |
| | | 14 Droogte, swaard, hongersnood, pessiekte |
| | | 15 Vier soorte vernietigers / God is moeg jammer gekry |
| | | 16 God laat Israeliete dubbel betaal / Wegwerping uit die land |
| | | 17 God laat Israeliete dubbel betaal / Wegwerping uit die land |
| | | 18 Pottebakker se huis / Planne teen Jeremia |
| | | 19 God sal Jerusalem breek soos 'n pottebakkerskruik |
| | | 20 Jeremia geslaan en in die blok gesit |
| | | 21 Sedekia en Jerusalem aan Nebukadresar oorgegee |
| | | 22 Die Here se woorde aan Sallum, Jojakim en Gonja |
| | | 23 Wee die herders |
| | | 24 Goeie en slegte vye |


© 2023 Precept South Africa

| | | |
|---|---|---|
| | | **25** |
| | | **26** |
| | | 27 |
| | | **28** |
| | | 29 |
| | | 30 |
| | | 31 |
| | | 32 |
| | | 33 |
| | | 34 |
| | | 35 |
| | | 36 |
| | | 37 |
| | | 38 |
| | | **39** |
| | | 40 |
| | | 41 |
| | | 42 |
| | | 43 |
| | | 44 |
| | | 45 |
| | | 46 |
| | | 47 |
| | | 48 |
| | | 49 |
| | | 50 |
| | | 51 |
| | | 52 |


© 2023 Precept South Africa





© 2023 Precept South Africa

## *Jeremia Deel 2*

*Kaart van nasies wat Israel omring*




DIE HEERSERS EN PROFETE IN JEREMIA SE TYD
Konings van Babilonië
Laaste 5 konings van Juda
Jeremia en sy kontemporêre profete
(Suidelike Koninkryk)
Neo-Babiloniese Ryk
Nebopolassar
626
605
Nebukadresar
605
Assirië en Ninevé val 612 onder Babilonië
605 Slag van Karkemis: Egipte oorwin deur Babilonië 605 v.C.
Josia
609
Jojakim
(Eljakim)
609
597
Sedekia
(Mattanja)
597
586
3 maande
Joagas (Jehoagas/Sallum)
3 maande
Jegonja (Gonja/Jojagin)
70 jaar Joodse ballingskap
3 Fases van ballingskap
605
Daniël
en vriende
597
Esegiël en
tienduisend
gevangenes
586
Vernietiging
van Jerusalem
Jeremia
(53 jaar van bediening)
627
574
Nahum
620
Sefanja
623
Habakuk
623
609
Esegiël
593
559
Daniël
605
630
620
610
600
590
580
570
560

JEREMIA, 'N MAN DEUR GOD GEROEP


© 2023 Precept South Africa

## HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
### KOM ONS BEGIN!

*'n **Hoofstukstudie** help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.*

- **LEES MET 'N DOEL**

Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

- Oor ***wie*** handel hierdie gedeelte?
- ***Wanneer***?
- ***Waar*** was die Woord?
- ***Wie*** is die Woord?
- ***Wat*** het die Woord gedoen?

Elke hoofstuk of vers sal nie al 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die vrae deurgaans in jou gedagtes vra terwyl jy die teks lees.

- **MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES**

*Die merk van sleutelwoorde en -frases en die opstel van lyste help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.*

SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

Byvoorbeeld: ***Woord*** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

- **LYSTE**

Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk oor elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

'n LYS is 'n samestelling van feite oor 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

'n Lys oor die ***Woord*** uit Johannes 1 kan as volg begin:

- *was in die begin, v. 1*
- *was by God, v. 1*
- *was God, v. 1*
- *was in die begin by God, v. 2*


© 2023 Precept South Africa

- **MERK EN EVALUEER**

KONTRASTE — sake wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is.
Om 'n kontras te merk plaas so 'n simbool in die kantlyn by die vers(e): N.

Johannes 1:17: "*Want die* ***wet*** *is deur Moses gegee; (maar) die* ***genade*** *en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.*"

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans.*

Johannes 4:2: "*Hoewel Jesus self nie gedoop het nie,* ***maar*** *sy dissipels …*"

VERGELYKINGS — verwys na ooreenstemmende sake in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: =. Let op na die woord *soos . . .*

Johannes 1:14: "*… en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid* ***soos*** *dié van die unieke Seun van die Vader …*"

**GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE** — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: ∴.

Let op na woorde soos *daarom, dus, gevolglik, want, omdat, om hierdie rede* ens.

Johannes 1:7: "*Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig,* ***sodat*** *almal deur hom kon glo.*"

UITDRUKKINGS VAN TYD — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, ◯. Let op na woorde soos *toe, daarna, wanneer, totdat, die dag van …, in die sterfjaar van.*

Johannes 1:2: "*Hy was* ***in die begin*** *by God.*"

- **IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS**

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die Waarnemingswerkblaaie wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Die begin van 'n paragraaf word aangedui deur 'n donkergedrukte teksversnommer. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraafsimbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hooffeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8: ***6*** *Daar was 'n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was.*
Johannes getuig van die Lig
*7 Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom kon glo.*
*8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531-1836 te skakel, vind dit aanlyn by shop.precept.org.za of besoek Precept South Africa by Ringwoodrylaan 187, Pinelands, 7405, Suid-Afrika.

© 2023 Precept South Africa 

## OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by 'n verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme en van verskillende plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad – elke dag – deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept 'n Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

## ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daaroor nagedink het, vra jouself af of daar iets nuuts is vir jou om te glo of te doen. Of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van 'n volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

As jy ons passie, om mense in God se Woord te vestig, met ons deel nooi ons jou om by ons aan te sluit! Sal jy dit biddend oorweeg om 'n maandelikse bydrae tot die bediening te maak? Om dit te doen, kan jy die bedrag waarop jy besluit het, elektronies oorbetaal aan precept.org.za/get-involved/support-us, of die bedrag direk oorplaas na ons bankrekening. Stuur 'n e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

PRECEPT MINISTRIES
Standard Bank, Rondebosch Tak
Rekeningnommer: 078 203 716
Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

## KOOP MET 'N PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir die ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!


© 2023 Precept South Africa